
## 295 Met al my stryd en my moeite verby




Met al my stryd en my moeite verby,
wanneer ek land aan die oorkant se sy,
net om my daar in die Heer te verbly,
is deur diie eeue so heerlik vir my.

***R.*** *O, dit sal wees, heerlik vir my,*
*heerlik vir my, heerlik vir my.*
*Net om my daar in die Heer te verbly,*
*is deur die eeue so heerlik vir my.*

Al my ontslape geliefdes is daar,,
ja, en met vreugde ontmoet ons mekaar,
Maar om sy lieflikheid daar te gewaar,
bly deur die eeue my heerlikheid daar! ***R.***

As ek deur sy liefde ‘n plek verkry
waar Hy die hemelse wonings berei,
om Hom te sien eens, o dit sal vir my
deur al die eeue so heerlik verbly. ***R.***

Onbekend C.H. Gabriel (1856-1932)